# KOERSVAS

Jaargang 13 Uitgawe 243
17 Oktober 2025

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto


**In hierdie uitgawe:**


**Redaksioneel:** **Feeste en Feeste**

**Berigte:** **Bondsvergadering Bloemhof 2025**

**Litigasie die toekoms in.**

**Kennisgewings**


## REDAKSIONEEL

**Feeste en Feeste.**

Oktober sien gewoonlik die begin van die advertensies rondom Kersfees, en daarmee saam die oordadige kersversierings. Op hierdie sintetiese slee gaan ons nie onsself begewe nie. Oktober in RSA sien ook twee uiteenlopende feeste. Die een is 'n gedenkdag en die ander deel van die geldmaak-pogings om die gemeenskap se denke te vervlak. Ons praat van Krugerdag en sogenaamde Halloween. Op 17 Oktober staan ons so tussen die twee geleenthede.

Krugerdag word gevier (was voorheen 'n vakansiedag) op 10 Oktober. Paul Kruger is op 10 Oktober 1825 gebore. Hierdie jaar het ons met ander woorde terug gekyk op tweehonderd jaar na sy geboorte. Die ZAR oud-president het ook sy beter en slegter oomblikke gehad. Ons kies om te fokus op die goeie. Krugerdag word met 'n erediens, 'n geleentheidstoespraak en kransleggings gevier. Die boere (somer reënval-gebied) sal ook altyd vir jou sê dat die reënseisoen in alle erns begin na oom Paul se verjaarsdag. Eie aan ons kultuur is die viering statig en gemete.

Halloween is 'n fees wat baie in die Westerse beskawing, en meer spesifiek onder Roomse lidmate en mense in die VSA gevier word. Huise word versier en die kinders gaan van huis tot huis en eis soetgoed op of anders ... Halloween. Wat is dit? Waar kom dit vandaan? Die oorsprong van die fees is onduidelik. Die bewering is dat dit 'n Christen-oorsprong het. Dit is die eerste van 'n drie-dae siklus in die lente waartydens die afgestorwenes in herinnering gebring word. Al die heiliges, martelare en gelowiges van die verlede word onthou. Teen die twaalfde eeu het die fees (volgens *wikipedia*) so deel geword van die Westerse kerk tradisie dat mense moreel verplig gevoel het om erediens by te woon vir die geleentheid. By die geleentheid is kerkklokke gelui vir die siele wat in die vagevuur vasgevang is.

Die aand van 31 Oktober is dan die aand voor die fees van die heiliges (gelowiges, martelare en ander). Die heiliges *Hallow* en aand *eve* het in gebruikstaal vervorm na *Halloween*. Dit is maklik om te sien hoe die tema betrokke die fees sou laat vervorm na die geleentheid vir morbiede en grusame temas en alles wat walglik is. Daarmee saam is dit die een fees wat nou met reg as onheilig beskou kan word. Die aanbied van die bose as pret en skadeloos, is alles behalwe onskuldig.

Dit is gebruiklik om in veral die VSA die aand van 31 Oktober kostuums aan te trek. Dit is duidelik dat die tema en formaat die geldmagte se aandag sal trek. Mense spandeer geld aan kostuums, lekkergoed (*trick or treat*), versierings en kaartjies. Hierdie jaar verwag die statistici dat die Amerikaners 'n rekord $114 per persoon (R1975 per persoon!) sal spandeer (na beraming twaalf biljoen dollar in totaal).

Ander lande probeer dieselfde entoesiasme kweek, ook hier in ons eie land poog bemarkers om die mark te vergroot. Dit is gerade om ons jongmense te waarsku teen hierdie skynbaar oppervlakkige pret en vermaak. Die bose se agenda word op hierdie manier bevorder. Dit is misplaas om die Halloween geleentheid tot goeie wins geleentheid en onskuldige pret te reduseer.
Beide die Kruger fees en Halloween het entoesiasme in gemeen. Aan die een kant die entoesiasme vir volk, eie geskiedenis en vaderland – Krugerdag. Ons kan ons jeug en mekaar aanmoedig om hierdie dag as meer as net 'n lukraak reën aankondiger op die kalender aan te dui. Trots in ons eie mense en geskiedenis is 'n goeie ding. Aan die daar die ander kant is daar entoesiasme vir geld en wins - Halloween. Hollywood doen getrou en doen mee aan die verheerliking ook sy deel om Halloween uit te bou en jaarliks verskyn nuwe grilflieks. Die obskure oorsprong van die dag ten spyte, dit wat huidig bevorder word by hierdie geleentheid, is alles behalwe heilsaam en opbouend.
Kersfees is reeds genoem. Die dubbelsnykant swaard maak van Kersfees 'n vreemde verskynsel. Daar gaan diegene wees wat dit as heilige fees gaan ervaar. Ander gaan in die skitter en glans van fees en geskenke opgeneem word. Dit kan die geleentheid wees waartydens die Here se menswording gevier word. Dit kan ook die geleentheid wees waar geld en eet die hele geleentheid domineer. So is dit met elke fees. Jou perspektief en jou lojaliteit bepaal jou benadering tot enige fees.

**Bondsvergadering Bloemhof 2025**

Bloemhof gemeente het as gasheer opgetree vir die twee-jaarlikse Bondsvergadering. Soos altyd het ons mense uit hulle pad gegaan om almal tuis te laat voel. Die kos was elke dag van die beste denkbaar. Die verblyf was koste-effektief en goed gereël. Almal het tuis gevoel. Die vergadering self het goed gevloei onder die bekwame leiding van ds. Piet Viljoen.
Die Sondag erediens was goed bygewoon, die preek Skrifgetrou en relevant, die sang pragtig, eie aan ons mense. Die Pont gedenklesing gelewer deur dr. Malan Storm, was ewe eens relevant en sy woorde is ter harte geneem.
Die vergadering het goed verloop, die agenda het alle relevante sake gereflekteer. Die gesindheid van die sprekers was positief en elke bydrae kosbaar. Die besluite wat geneem is, was meestal met konsensus geneem. Die besluite geneem aangaande griewe- en dissiplinêre prosedures, gaan van groot nut wees in die toekoms. Nie alles is in kanne en kruike nie, daar is nog baie werk wat gedoen moet word. Besluite geneem sal in 'n opvolg berig geplaas word, sodra die Bestuur die Notule goedgekeur het.
Dit is baie duidelik dat 'n gedeelde toekomsvisie Bondsgemeentes aan mekaar bind. Al is die litigasie 'n remmende faktor, is dit duidelik dat baie meer as net die howe gemeentes by mekaar hou.

**Litigasie die toekoms in.**

Die pas afgelope NHKA se 74e AKV het ons insig in hulle benadering gegee. Kom ons begin met die gevolgtrekking. Die litigasie sal voortgaan en hulle sal sonder einde onverbiddelik die saak stoomroller. Gesprek gaan net fokus op ons oorgawe. Gesprek – teologies en oor skikking – gaan geen vrugte lewer nie. Waarom die gevolgtrekking?

Daar was twee beskrywingspunte (35 en 36) op hul Agenda:

*BESKRYWINGSPUNT 35: KOMMISSIE VAN DIE AKV: LITIGASIE*

*1. Die 74ste AKV aanvaar die verslag van die Litigasiekomitee en die Kommissie van die AKV*

*oor die litigasieprosesse waarby die Kerk betrokke is, en bekragtig die optrede van die Litigasiekomitee en die Kommissie van die AKV.*
*2. Die AKV ondersteun die werk van die Litigasiekomitee om die Kommissie van die AKV by te staan, en gee opdrag dat dit voortgesit moet word.*
*3. Die AKV besluit om voort te gaan met die litigasie. Daar moet deurgaans gepoog word om 'n billike skikking te bereik. Mediasie en arbitrasie bly 'n moontlikheid.*
*BESKRYWINGSPUNT 36: RING VAN KROKODILRIVIER: LITIGASIE*
*Na aanleiding van meer as 14 jaar wat reeds verloop het en reuse regskostes aangegaan deur die Kerk, besin die vergadering opnuut oor die wenslikheid om voort te gaan met litigasie in die saak met die Geloofsbond. Ten spyte van die kompleksiteit van die saak, besluit die AKV dat voortgesette gesprek die verkose weg is en dat gepoog word om ten alle koste weg te beweeg van verdere litigasie.*

Nie net is die eerste beskrywingspunt aanvaar nie (35), maar ook die verslag wat as addendum ingebind is, is aanvaar. DIE NHKA het met ander woorde konsensus oor hierdie saak. Dit is opvallend dat alle litigasie oor een kam geskeer word. Dit is verder opvallend dat die saak soos deur die ring van Krokodilrivier voorgestel, nie steun gekry het nie. Die gesindheid van die NHKA - soos blyk uit die benadering van die Litigasiekomitee – is duidelik een van eiegeregtigheid en stoflike gierigheid. Die feit dat Bondsgemeentes as volwaardige gemeentes hul eiendom benut en dat die (letterlik paar) ongelukkiges, elders, uit hulle eie, jare gelede al geakkommodeer is, word ignoreer. Die wettigheid van die optrede van gemeentes wat selfstandig wil voortbestaan, word onder die tafel gevee. Die beste manier om die gesindheid en gebrek aan verbintenis tot waarheid te illustreer, is om dele van die Litigasie komitee se verslag aan te haal en dan daarop te reageer:

*Litigasie verslag: Die Kommissie het die soeke na oplossings hanteer. Die Litigasiekomitee het intussen die onvermydelike regsprosesse, wat deur die GHG begin is, namens die Kerk en die betrokke gemeentes hanteer aan die hand van die regsadvies wat ontvang is. Die eerste is die saak tussen die NHKA en die GHG. Dit staan algemeen bekend as die Wilge-saak. Dit is die saak wat die onderwerp van die vorige AKV-besluit was.*

Hierdie kern van waarheid (eintlik *net soort van waar* in terme van punt een hierna vermeld) word as die regverdige basis vir jare se litigasie voorgehou. Eintlik is die NHKA die aggressor in die hele proses. Daar is verskeie sake wat hier duidelik gestel moet word:

1. Die litigasie proses is begin deur drie gemeentes (In 2012 - Tuine, Grootvlei en Theresapark) wat die hof genader het om 'n <u>verklarende bevel</u> te kry. Die vraag was eenvoudig: "***Het ons wettig opgetree toe ons die eiendomme oorgedra het***?"
2. Elke saak **na** hierdie versoek tot 'n verklarende bevel, **<u>is deur die NHKA gebring</u>**; **elke gemeente is vir hulle eiendom gedagvaar deur die NHKA**.
3. Die **GHG gemeentes het nie die litigasie begin nie**. Die GHG het eers in September 2013 (meer as 'n jaar na die begin van NHKA dagvaardigings) ontstaan.
4. Die GHG is steeds nie by die litigasie betrokke nie. Die GHG koördineer tussen die selfstandige gemeentes ten opsigte van koste en regsprosesse.

*Litigasie verslag: Die vierde saak is waar lidmate van die GHG se gemeente in Roedtan verlede jaar (2024) voorgegee het aan die Registrateur van Aktes dat hulle bevoeg is om namens die NHKA Gemeente Roedtan die kerkgebou en pastorieperseel oor te dra aan hulle vereniging.*

*Hier vra ons dat die status quo herstel word en dat die eiendomme dus weer in die naam van die NHKA se gemeente oorgedra word. Hulle beweer dat hulle in 2013 gemagtig was om namens die NHKA Gemeente Roedtan op te tree. Ons meen dit is nie relevant vir die aansoek nie, maar as hulle voortgaan met hulle verweer, sal hulle moet bewys dat hulle in 2013 gemagtig was om namens die NHKA Gemeente Roedtan op te tree, wat ons meen hulle nie sal kan bewys nie. Die verwagting is dat hierdie saak teen* ***die einde van 2025 in die hof mag*** *wees. Die waarde hier ter sprake kan enigiets tussen R3 en R5 miljoen wees.*

1. Roedtan gemeente het in 2013 die besluit geneem om die eiendom te skenk aan die vereniging. Voordat hulle die besluit kon uitvoer, het die partye betrokke ooreengekom dat geen verdere eiendomme oorgedra sou word voordat die hofsaak afgehandel is nie.
2. Die GHG Roedtan gemeente het die kerkgebou en perseel gebruik en onderhou. In 2023/24 het die NHKA restant die sleutels vir die geboue by die plaaslike koöperasie ingegee met die boodskap dat GHG Roedtan dit kan kry; hulle sou nie meer die geboue gebruik nie.
3. Na afloop van die Hooggeregshof se beslissing dat die saak doodgeloop het (2023), voor die NHKA kondonasie gekry (2023) het om ‘n laat aansoek in te dien om verlof tot appèl, het Roedtan die proses begin om die eiendomme per 2013 besluit oor te dra. Hulle was ook hierin suksesvol.
4. Net voor die proses by die aktekantoor afgehandel is, het die plaaslike Roedtan pastorie afgebrand. Die versekeringseis was tussen drie en vyf miljoen rand. Die NHKA het hierdie geld ontvang.
5. Die NHKA was bereid om vir R250 000 die hele saak rakende die eiendomme in Roedtan te skik voor hierdie gebeurtenis.
6. Die eerste hofdatum beskikbaar in Limpopo is Februarie 2027.
7. By die geleentheid sal die sogenaamde klein gemeente eers moet bewys dat hy bestaan, en sal die hof moet oorweeg of die saak nie eerder by die hoofsaak gevoeg moet word nie. Waar op die kalender bring dit jou dan?

*Litigasie verslag: By oorweging of daar voortgegaan moet word met litigasie, word aan die hand gedoen dat die volgende oorwegings in aanmerking geneem word:*

**Hier volg nou die argumente wat volgens die Litigasie komitee die deurslag moet gee vir enige besluit wat geneem word:**

*5.1 Daar is geen aansporing vir die GHG om die saak te skik as die litigasie gestaak word nie. Hulle is in besit van al die roerende en onroerende goed van feitlik al die gemeentes wat weggebreek het, en kan dus niks verloor indien daar nie met die litigasie voortgegaan word nie.*

Hierdie “oneerlike gevolgtrekkings” verdien om elk genoem te word. Dit dui op die materialistiese en ongevoelige benadering wat heers.

1. Die GHG kan nie skik nie, die GHG ondersteun gemeentes maar is nie self betrokke nie. Die gemeentes wil graag die saak afhandel. Die jare lange meulsteen van litigasie kortwiek onbelemmerde diens.
2. Baie gemeentes besit nie die eiendomme nie, oordrag is gestaak voor die prosesse afgehandel kon word, soos per ooreenkoms.
3. Die verwagte positiewe hofuitspraak in die saak sal vir al die Bondsgemeentes ‘n finale bevestiging wees dat hulle reg opgetree het.

*Litigasie verslag: 5.2 ‘n Oorgawe sal letterlik beteken dat miljoene rande vermors is in litigasie soos hierbo uiteengesit.*

1. Die oproep tot skikking word herinterpreteer as oorgawe; ‘n stryd-term wat geen vrede vra nie, net oorgawe deur die teenparty.

2. Om nou te+ stop beteken wel sekere verliese (na beide kante), maar keer verdere verliese en vernedering.
3. Perspektief op die toekoms en die gees van die lidmate moet sekerlik meer weeg as die gelde reeds spandeer.
4. Dieselfde argument maak enige versoek rakende byvoorbeeld ‘n nuwe opleiding onmiddellik dood. *(byvoorbeeld)* “Ons gaan miljoene rande verloor wat aan UP verkwis is.”

*Litigasie verslag: 5.3 Die NHKA en haar gemeentes sal dan geen kans hê om ten minste ‘n deel van die totale waarde van die eiendom wat nou deur die GHG beheer word te verhaal nie. Soos in die verlede aangedui, is hier groot bedrae geld ter sprake. In die geval van een gemeente alleen is die bedrag in die omgewing van R40 miljoen. Ons dra kennis daarvan dat vir een so ‘n eiendom in die besit van die GHG ‘n aanbieding ter waarde van etlike miljoene gemaak is*.
1. Alles hierbo vermeld gaan oor geld. Die geestelike welsyn van die gemeentes, die eer aan God en die diens in die gemeenskappe is hier van geen belang nie.
2.Waarom wil die NHKA waarde van eiendom verhaal? Het hulle daarvoor gewerk? Het hulle die gemeentes gefinansier? Is die NHKA nou soos Rome en die pous?
3. Die groot bedrae betrokke is deur die gemeentes self ingesamel by wyse van beleggings, besparings, projekte en harde werk. Hoe is dit die NHKA se eiendomme? Die waarde toegevoeg is in eie gemeenskappe gedoen, nou wil die NHKA die waardes onttrek en in eie NHKA koffers (Pretoria) stort, tot nadeel van plaaslike gemeenskappe, wat nog te sê plaaslike gemeentes.
4. Gaan die NHKA die verliese van gemeentes wat sukkel om te bestaan, ook as eie skuld sien? Hierdie swaard sny net een kant toe, tot voordeel van die sinode en tot nadeel van elke gemeente.

*Litigasie verslag: 5.4 Die Hoogste Hof van Appèl het beslis dat die NHKA ‘n belang het in die eiendom van die gemeentes iets wat voorheen hewig deur die GHG betwis is.*
1. Hierdie verwysing na die Hoogste Hof van Appèl spreek van blatante leuens of loutere onbevoegdheid, niks anders is moontlik nie.
2. Die Litigasie komitee word bedien van ‘n advokaat. Verstaan hy nie die uitspraak nie of word die NHKA opsetlik mislei?
3. Die Hoogste Hof van Appèl het beslis dat die saak om twee redes terug verwys word na die Gauteng hooggeregshof: Die regter het (a) ‘n prosedure fout gemaak en (b) die sogenaamde klein gemeentes moet ook gehoor word.
4. Die hof het op <u>geen stadium bevind dat die NHKA ‘n belang het in die eiendomme van die gemeentes nie</u>.
5. Die Engelse term is “<u>*privity of contract*</u>”. Dit beteken die derde party (NHKA) het geen belang by die gemeente se skenking aan die vereniging nie.
6. Die NHKA het self (en selfs) in die hof erken dat hulle geen belang (“*privity of contract*”) by die skenking het nie. Hulle kan dit ook nie terugtrek nie.
7. Dit is nie nodig om die saak te betwis nie, die NHKA het dit klaar erken.
8. Die sogenaamde klein gemeentes gaan eers hulle bestaan moet bewys.
9. Dit is ironies dat die ooreenkoms die basis vir die appel geword het. Met die vasstel van die geskeide geskilpunt, het beide partye ooreengekom dat die hoof saak eers aangehoor sou word, en dan sou daar aandag aan die klein gemeentes gegee word. Dit was eindelik (teen ooreenkoms in) die basis vir die appèl.

10. By die volgende geleentheid gaan die saak gewen word gewoon deur te wys op die NHKA se eie erkenning.

*Litigasie verslag: 5.5 Indien die NHKA nie 'n beslissing deur 'n derde party (hof) kry of die saak kan skik ten opsigte van die vraag wat in paragraaf 4.4.1 saamgevat word nie, gaan feitlik alle kerkgroepe (ook die GHG) met die probleem sit dat 'n klein groepie lidmate deur manipulasie of andersins kerkeiendom vir hulself kan vat.*

1. Die GHG erken die selfstandigheid van alle gemeentes. Indien 'n groep of gemeente weg wil beweeg, gaan die GHG geen belemmering op hulle pad plaas nie.
2. Dit gaan eintlik oor die NHKA en die NGK. Die sinodes is bevrees hulle gaan hul beheer en hul melkkoeie verloor.
3. Die woord manipulasie gee aanstoot. Dit is ook ironies. Die party wat 'n AKV manipuleer om met litigasie aan te gaan om 'n paar ego's te streel, vertel die een leuen op die ander.
4. Dit is die gemeente se eiendom. Hoe kan hulle vat wat aan ander behoort?

*Litigasie verslag: 5.6 Om nie voort te gaan nie, verdiskonteer geensins die pyn en lyding wat lidmate van die NHKA in hierdie proses moes ly nie.*

1. Die slagoffer kaart word deur die mense in magsposisies gespeel.
2. Die verguising, vernederings, verdagmaking en vervolging waaronder selfstandige gemeentes en hulle ampsdraers moes voortgaan, skreeu ten hemele.
3. Die NHKA se verwysing na lyding deur eie lidmate, gekoppel aan vergoeding aan die NHKA (nie die lidmate nie), sonder om die lyding binne die GHG te erken, maak die deur oop vir elkeen wat belaster en beswadder is, om almal in die NHKA betrokke by hierdie vervolging, siviel aan te kla. Hele gemeentes is weggejaag, ampsdraers met geloofsbriewe is in 2013 uit die AKV gejaag. Die NHKA korrespondensie is deurspek van taal wat stemming maak teen enige steedsHervormer.

*Litigasie verslag: 5.7 Hierdie saak mag oor die lang duur ook 'n bydrae maak tot die strewe om die gemeentes vry te maak van sinodale offergawe.*

1. Hierdie is 'n skaamtelose wortel wat aan NHKA lidmate voorgehou word. Dit beledig lidmate en ampsdraers. Dit onderskat hulle integriteit.
2. Die arrogansie van heffings herdoop na sinodale offergawes wys op die self-vergoddeliking van die sinodale strukture en die individue daarby betrokke.
3. Die implikasies is duidelik; wen ons die saak, kan ons dalk genoeg geld kry om julle heffings te verminder, of selfs te kan staak.
4. "Kom ons vernietig funksionerende geloofsgemeenskappe om onsself te verryk", is veragtelik, skandalig en onchristelik.

*Litigasie verslag: 5.8 Die meriete van die NHKA se saak is deur ses senior advokate en drie ander advokate, onafhanklik van mekaar, oorweeg, en hulle was almal positief oor die moontlike sukses van die NHKA se saak. Die lang periode wat hierdie litigasie aanhou het darem hierdie voordeel vir ons ingehou.*

1. Vra die regte mense, en jy sal die antwoord kry wat jy wil hoor.
2. Is elkeen van hierdie persone betaal? Is dit 'n geskrewe beskikbare regsopinie?
3. Sleutelwoord is "moontlike". Dit bly 'n risiko wat maklik is om op te neem met ander se geld.

*Litigasie verslag: 5.9 Die uitspraak van die Hoogste Hof van Appèl was in 'n paar opsigte ook baie positief.*

1. Die enigste positiewe vir die NHKA was dat die saak terug verwys is, en die koste bevel.

2. Die meriete van die saak is nie deur die hof aangespreek nie.

*Litigasie verslag: 5.10 Die litigasie, meen ons, het ook daartoe bygedra dat die partye nou bereid is om met mekaar te praat oor 'n oplossing. Dit is 'n reuse stap vorentoe*.

1. Hierdie verslag toon 'n integriteit wat erg onder verdenking is.
2. Die gesprek het nie gevorder nie, en sal nou ook nie kan vorder nie.
3. Hierdie verslag gaan die selfstandige gemeentes opnuut motiveer om seker te maak daar is genoeg fondse om hierdie stryd te volvoer.
4. Hierdie verslag roep een vraag na vore: "Indien jy so misleidend optree midde in jou eie mense, hoe kan ek jou vertrou?" Kan daar nog gesprek wees?

## KENNISGEWINGS

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com


# Volkshulp2000

(NPO 004-086)

Volkshulp2000 is 'n geregistreerde, nie-winsgewende welsynsorganisasie wat al vir meer as 30 jaar na hulpbehoewende volksgenote omsien. Volkshulp2000 ontvang geen hulp van die staat of buitengewoon groot ondernemings nie. Ons is ten volle afhanklik van donasies en ander skenkings (soos produkte, klere en meubels) deur volksgenote. Hulpbehoewende volksgenote se getalle neem toe. Gesinne, kinders en bejaardes is slagoffers van omstandighede buite hulle beheer. Ons doen 'n beroep op volksgenote om ons te help om hierdie toenemende nood te bestry.

**Belastingsertifikate is op aanvraag beskikbaar.**

**Straatadres:** Steadlaan 246,
Queenswood, Pretoria
**Tel:** 012 755 8201/2
**Posadres:** Posbus 11824,
Queenswood, 0121
**Vonkpos:** bestuur@volkshulp.org.za
**Bankbesonderhede:**
Tjekrekeningnommer ABSA 10176514,
Takkode: 623 005

Volkshulp 2000
MET SAAMWERK SAL ONS STREEF OM TER EER VAN GOD TE LEEF

**https://www.volkshulp.org.za**

**https://www.facebook.com/Volkshulp2000.amptelik**